Die applikant moet ingevolge artikel *seve-en-twintig* (1) (b) van Ordonnansie No. 11 van 1931, binne drie maande nadat die dorp geproklameer is, 'n bedrag van £650 as skenking aan die plaaslike bestuur betaal.

#### 10. Registrasie van servituut.

Die applikant moet 'n servituut vir paddoeleindes, 20 voet breed, ten gunste van die plaaslike bestuur, aan die oostelike grens van Erf No. 182 laat registréer.

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

(c) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of its obligations under the above-mentioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in sub-paragraph (c) shall accompany the said certificate as an annexure thereto.

#### 4. Sanitation.

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

#### 5. Cemetery, Depositing and Native Location Sites.

The applicant shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery and Native location. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or the right of disposal thereof by the local authority.

#### 6. Mineral Rights.

All rights to minerals and precious stones together with all rights which may be or become vested in the freehold owner to share in any proceeds which may accrue to the Crown from the disposal of the undermining rights of the township, including the share of claims licence moneys and any share of rentals or profits which may accrue to any owner under any mining lease granted in respect of the land covered by the township and the like shall be reserved to the applicant.

#### 7. Cancellation of Existing Conditions.

The applicant shall, under the provisions of section six (5) of Act No. 22 of 1919, obtain the cancellation of the conditions imposed by the Minister of Lands upon excision of the land from Hyde Park Agricultural Settlement.

#### 8. Street.

(a) The applicant shall form, grade and maintain the street in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the Board and the local authority.

(b) The street shall be named to the satisfaction of the local authority.

#### 9. Endowment.

The applicant shall in terms of section twenty-seven (1) (b) of Ordinance No. 11 of 1931 within three months of the proclamation of the township pay to the local authority as an endowment the sum of £650.

#### 10. Registration of Servitude.

The applicant shall cause a servitude 20 feet wide for road purposes to be registered along the eastern boundary of Erf No. 182 in favour of the local authority.

**11. Nakoming van voorwaardes.**

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes, genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtens te onthef en sodanige verpligtens by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

**B—TITELVOORWAARDES.**

**1. Alle erwe.**

Die erf is onderworpe aan bestaande voorwaardes en servitute met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte.

**2. Die erwe met sekere uitsonderings.**

Die erwe uitgesonderd—

- (i) erwe wat vir Goewerments- of Provinciale doelendes nodig is; en
  - (ii) erwe wat vir munisipale doeleindeste verkry word, mits die Administrateur, na raadpleging met die Dorperaad, die doeleindeste waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;
- is onderworpe aan onderstaande verdere voorwaardes:—
- (a) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone, wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.
  - (b) Planne en spesifikasies van alle geboue en van alle veranderings of aanbouings aan geboue moet ingedien word by die plaaslike bestuur wie se skriftelike goedkeuring verkry moet word voordat 'n aanvang met die bouwerssaamhede gemaak word. Alle geboue, aanbouings of veranderings daarvan, moet voltooi word binne 'n redelike tydperk nadat daar 'n aanvang daar mee gemaak is.
  - (c) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die aantraklikhede van die omgewing benadeel nie.
  - (d) Nog die eienaar nog enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindeste in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.
  - (e) Behalwe met die toestemming van die plaaslike bestuur mag geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, op die erf aangehou of op stal gesit word nie.
  - (f) Geen geboue van hout en/of sink. of van roustene mag op die erf opgerig word nie.
  - (g) Behalwe met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur, en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die plaaslike bestuur ople, mag nog die eienaar nog enige okkuperer van die erf enige putte of boorgate daarop grawe of enige onderaardse water daaruit trek.
  - (h) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat toe af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aangaan dat sodanige neerslagwater op sy erf vloe en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pypplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.
  - (j) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met die toestemming van die Administrateur, na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of 'n plek van

**11. Enforcement of Conditions.**

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

**B—CONDITIONS OF TITLE.**

**1. All Erven.**

The erf shall be subject to existing conditions and servitudes including the reservation of rights to minerals.

**2. The Erven with Certain Exceptions.**

The erven with the exception of—

- (i) such erven as may be acquired for Government or Provincial purposes; and
- (ii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Board, has approved the purposes for which such erven are required;

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

- (a) The applicant and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power at all reasonable times to enter into and upon the erf for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.
- (b) Plans and specifications of all buildings and of all alterations or additions thereto shall be submitted to the local authority whose approval, in writing, shall be obtained before the commencement of building operations. All buildings or alterations or additions thereto shall be completed within a reasonable time after commencement.
- (c) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.
- (d) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.
- (e) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities Pound Regulations shall be kept or stabled on the erf.
- (f) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.
- (g) Except with the written approval of the local authority and subject to such conditions as the local authority may impose, neither the owner nor any occupier of the erf shall sink any wells or boreholes thereon or abstract any subterranean water therefrom.
- (h) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher-lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher-lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower-lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipe-line or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.
- (j) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other build-

onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat die plaaslike bestuur ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.

- (k) Nog die eienaar nog enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoege naamde bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.
- (l) Nie meer as een woonhuis tesame met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarvan nodig is, mag op die erf opgerig word nie, behalwe met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag kan stel: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as dit of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevvolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word:
  - (i) Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens £3,000 wees.
  - (ii) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig en later voltooi sal word nie, moet gelykydig met, of vóór, die oprigting van die buitegeboue opgerig word.
- (m) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 30 voet van 'n straatgrens daarvan geleë wees.
- (n) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toege maak word, moet die heining of ander omheinings materiaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

### 3. Servitute vir riool- en ander munisipale doelein des.

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die erwe ook aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir rioolen ander munisipale doelein des, ten gunste van die plaaslike bestuur, ses voet breed, langs enige van sy grense uitgesondert 'n straatgrens.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne voor noemde servituutsgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne ses voet daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy volgens goeddunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op grond wat aan voornoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voor noemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

### 4. Woordomskrywing.

In voormalde voorwaardes het onderstaande uitdruk kings die betekenis wat daaraan geheg word:—

- (i) „Applicant” beteken Head Wrightson and Company South Africa, Limited, en sy opvolgers tot die eiendomsreg van die dorp.
- (ii) „Woonhuis” beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning deur een gesin.

### 5. Goewerments- en munisipale erwe.

As 'n erf of erwe wat verkry word soos beoog in klou sole B 2 (i) en (ii) hiervan, in die besit kom van enige ander persoon as die Goewerment of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad bepaal.

ings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved Town-planning Scheme, subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.

- (k) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.
- (l) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or it or any portion of it is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area:—
  - (i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than £3,000.
  - (ii) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (m) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 30 feet from the boundary thereof, abutting on a street.
- (n) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

### 3. Servitudes for Sewerage and Other Municipal Purposes.

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any one of its boundaries other than a street boundary.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 6 feet thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

### 4. Definitions.

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

- (i) "Applicant" means Head Wrightson and Company South Africa, Limited, and its successors in title to the township.
- (ii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

### 5. Government and Municipal Erven.

Should any erf or erven acquired as contemplated in clause B 2 (i) and (ii) hereof come into the possession of any person other than the Government or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be decided by the Administrator after consultation with the Townships Board.

## PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

## ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.

Onderstaande kennisgewings wat betrekking het op die administrasie van die Provincie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. O. VAN GRAAN,  
Provinciale Sekretaris.

Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgwing No. 657.] [31 Augustus 1960.  
MUNISIPALITEIT BEDFORDVIEW.—VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel *tien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, maak die Administrateur hierby bekend dat dit hom behaag het om kragtens artikel *nege* (11) van genoemde Ordonnansie mnr. Theo Lorentz te benoem tot Kommissaris om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die voorstel van die Dorpsraad van Bedfordview om die verandering van sy grense en die besware daarteen.

T.A.L.G. 3/2/46.

Administrateurskennisgwing No. 658.] [31 Augustus 1960.  
MUNISIPALITEIT RENSBURG.—VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel *tien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Dorpsraad van Rensburg 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by subartikel (7) van artikel *nege* van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van sy munisipaliteit verander deur die inlywing van die gebied omskryf in die Bylaes hiervan.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Offisiële Koerant* van die Provincie, aan die Administrateur 'n teenpetisie voor te lê met vermelding van gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/2/66.

## EERSTE BYLAE.

MUNISIPALITEIT RENSBURG.—BESKRYWING VAN GEBIED INGELEYF TE WORD.

Met aanvangspunt die mees suidelike baken van die dorp Rensburg (Algemene Plan L.G. No. A.166/97) geleë in die distrik Heidelberg; vandaar suidooswaarts langs die suidelike grens van genoemde dorp tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 59 (L.G. No. A.7395/50) ('n gedeelte van Gedeelte 11 van gedeelte) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R.; vandaar suidoos- en suidweswaarts langs die grense van genoemde Gedeelte 59 (L.G. No. A.7395/50) ('n gedeelte van Gedeelte 11 van gedeelte) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die mees suidelike baken van laasgenoemde Gedeelte 59; vandaar algemeen suidooswaarts langs die oostelike grens van die pad tot by 'n punt waar dit die suidwestelike grens van Gedeelte 11 (L.G. No. A.837/23) van een gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., sny vandaar verder suidooswaarts langs die suidoostelike grens van genoemde pad tot by 'n punt waar die verlenging van die suidelike grens van Gedeelte 4 (L.G. No. A.2912/20) van gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., die suidwestelike grens van Gedeelte 11

## PROVINCIAL ADMINISTRATION.

## ADMINISTRATOR'S NOTICES.

The following notices relating to the administration of the Province of the Transvaal are published under the authority of the Administrator for general information.

J. H. O. VAN GRAAN,  
Provincial Secretary.

Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrator's Notice No. 657.] [31 August 1960.  
MUNICIPALITY OF BEDFORDVIEW.—PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

In terms of section *ten* of the Local Government Ordinance, 1939, the Administrator hereby notifies that he has been pleased, in terms of section *nine* (11) of the said Ordinance to appoint Mr. Theo Lorentz as a Commissioner to inquire into and report upon the proposal of the Village Council of Bedfordview for the alteration of its boundaries and the objections thereto.

T.A.L.G. 3/2/46.

31-7-14

Administrator's Notice No. 658.] [31 August 1960.  
MUNICIPALITY OF RENSBURG.—PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given in terms of section *ten* of the Local Government Ordinance, 1939, that the Village Council of Rensburg has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by sub-section (7) of section *nine* of the said Ordinance alter the boundaries of its municipality by the incorporation of the area described in the Schedules hereto.

It is competent for any person or persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette* to present to the Administrator a counterpetition setting forth the grounds of opposition to the Council's proposal.

T.A.L.G. 3/2/66.

## FIRST SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF RENSBURG.—DESCRIPTION OF AREA TO BE INCORPORATED.

Commencing at the most southerly beacon of the Rensburg Township (General Plan S.G. No. A.166/97) situated in the District of Heidelberg; thence south-eastwards along the southern boundary of the said township to the north-eastern beacon of Portion 59 (S.G. No. A.7395/50) (a portion of Portion 11 of portion) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., thence south-east and south-westwards along the boundaries of the said Portion 59 (S.G. No. A.7395/50) (a portion of Portion 11 of portion) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., to the most southerly beacon of the last-named Portion 59; thence generally south-eastwards along the eastern boundary of the road up to a point where it intersects the south-western boundary of Portion 11 (S.G. No. A.837/23) of one portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R.; thence continuing south-eastwards along the south-eastern boundary of the said road to a point where the extension of the southern boundary of Portion 4 (S.G. No. A.2912/20) of portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., would intersect the south-western boundary of Portion 11 (S.G. No. A.837/23) of

(L.G. No. A.837/23) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392 Registrasie-afdeling I.R., sou sny; vandaar in 'n algemene suidwestelike rigting langs genoemde verlenging tot by die suidoostelike baken van Gedeelte 4 (L.G. No. A.2912/20) van gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., verder suidweswaarts langs die grens van en insluitende Gedeelte 4 (L.G. No. A.2912/20) en Gedeelte 5 (L.G. No. A.2913/20) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde gedeelte; vandaar algemeen suidwaarts langs die noordwestelike grens van Gedeelte 10 (A.582/23) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die mees suidelike baken van genoemde Gedeelte 10, vandaar noordweswaarts langs die grense van gedeelte (L.G. No. A.1155/95) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die suidoostelike baken van Gedeelte 9 (L.G. No. A.4606/27) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R.; vandaar suidwes- en noordweswaarts langs die grense van genoemde Gedeelte 9 en Gedeelte 51 (L.G. No. A.2860/46) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., om hulle sodoende by die gebied in te sluit tot by die mees suidelike baken van die dorp Rensburg—die beginpunt.

## TWEEDE BYLAE.

### MUNISIPALITEIT RENSBURG.—BESKRYWING VAN VOORGESTELDE NUWE GRENSE.

Met aanvangspunt die noordwestelike baken van die dorp Rensburg (Algemene Plan A.166/97); vandaar algemeen noordooswaarts tot by die noordoostelike baken van genoemde dorp; vandaar suidoos- en suidweswaarts langs die grense van en insluitende die dorp Rensburg tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 59 (L.G. No. A.7395/50) ('n gedeelte van Gedeelte 11 van gedeelte) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R.; vandaar suidoos- en suidweswaarts langs die grense van genoemde Gedeelte 59 (L.G. No. A.7395/50) ('n gedeelte van Gedeelte 11 van gedeelte) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die mees suidelike baken van laasgenoemde Gedeelte 59; vandaar algemeen suidooswaarts langs die oostelike grens van die pad tot by 'n punt waar dit die suidwestelike grens van Gedeelte 11 (L.G. No. A.837/23) van een gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., sny; vandaar verder suidooswaarts langs die suidoostelike grens van genoemde pad tot by 'n punt waar die verlenging van die suidelike grens van Gedeelte 4 (L.G. No. A.2912/20) van gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., die suidwestelike grens van Gedeelte 11 (L.G. No. A.837/23) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., sou sny; vandaar algemeen in 'n suidwestelike rigting langs genoemde verlenging tot by die suidoostelike baken van Gedeelte 4 (L.G. No. A.2912/20) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., verder suidweswaarts langs die grens van en insluitende Gedeelte 4 (L.G. No. A.2912/20) en Gedeelte 5 (L.G. No. A.2913/20) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde gedeelte; vandaar algemeen suidweswaarts langs die noordwestelike grens van Gedeelte 10 (A.582/23) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die mees suidelike baken van genoemde Gedeelte 10, vandaar noordweswaarts langs die grense van gedeelte (L.G. No. A.1155/95) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., tot by die suidoostelike baken van Gedeelte 9 (L.G. No. A.4606/27) van 'n gedeelte van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R.; vandaar suidwes- en noordweswaarts langs die grense van genoemde Gedeelte 9 en Gedeelte 51 (L.G. No. A.2860/46) van die plaas Houtpoort No. 392, Registrasie-afdeling I.R., en die dorp Rensburg tot by die noordwestelike baken van die dorp Rensburg—die beginpunt.

a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R.; thence in a general south-westerly direction along the said extension to the south-eastern beacon of Portion 4 (S.G. No. A.2912/20) of portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., continuing south-westwards along the boundary of and including Portion 4 (S.G. No. A.2912/20) and Portion 5 (S.G. No. A.2913/20) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., up to the south-western beacon of the last-named portion; thence generally southwards along the north-western boundary of Portion 10 (A.582/23) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., to the most southerly beacon of the said Portion 10, thence north-westwards along the boundaries of portion (S.G. No. A.1155/95) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., to the south-eastern beacon of Portion 9 (S.G. No. A.4606/27) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R.; thence south-westwards and north-westwards along the boundaries of the said Portion 9 and Portion 51 (S.G. No. A.2860/46) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., so as to include them in the area, to the most southerly beacon of the Rensburg Township—the point of commencement.

## SECOND SCHEDULE.

### MUNICIPALITY OF RENSBURG.—DESCRIPTION OF THE PROPOSED NEW BOUNDARY.

Commencing at the north-western beacon of the Rensburg Township (General Plan A.166/97); thence generally north-eastwards up to the north-eastern beacon of the said town; thence continuing south-eastwards and south-westwards along the boundaries of and including the Rensburg Township to the north-eastern beacon of Portion 59 (S.G. No. A.7395/50) (a portion of Portion 11 of portion) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R.; thence south-eastwards and south-westwards along the boundaries of the said Portion 59 (S.G. No. A.7395/50) (a portion of Portion 11 of portion) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., to the most southerly portion of the last-named Portion 59; thence generally south-eastwards along the eastern boundary of the road to a point where it intersects the south-western boundary of Portion 11 (S.G. No. A.837/23) of one portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R.; thence continuing south-eastwards along the south-eastern boundary of the said road to a point where the extension of the southern boundary of Portion 4 (S.G. No. A.2912/20) of portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., would intersect the south-western boundary of Portion 11 (S.G. No. A.837/23) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R.; thence generally in a south-westerly direction along the said extension to the south-eastern beacon of Portion 4 (S.G. No. A.2912/20) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., continuing south-westwards along the boundaries of and including Portion 4 (S.G. No. A.2912/20) and Portion 5 (S.G. No. A.2913/20) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., to the south-westerly beacon of the latter portion; thence generally southwards along the north-western boundary of Portion 10 (A.582/23) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., up to the most southerly beacon of the said Portion 10, thence continuing north-westwards along the boundaries of portion (S.G. No. A.1155/95) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., to the south-eastern beacon of Portion 9 (S.G. No. A.4606/27) of a portion of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R.; thence south-westwards and north-westwards along the boundaries of the said Portion 9 and Portion 51 (S.G. No. A.2860/46) of the farm Houtpoort No. 392, Registration Section I.R., and the Rensburg Township to the north-westerly beacon of the Rensburg Township—the point of commencement.

Administrateurskennisgewing No. 685.] [14 September 1960.  
MUNISIPALITEIT ELSBURG.—VERORDENINGE VIR DIE REGULERING VAN LENINGS UIT DIE BEURSLENINGSFONDS.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/121/56.

### BYLAE.

MUNISIPALITEIT ELSBURG.—VERORDENINGE VIR DIE REGULERING VAN LENINGS UIT DIE BEURSLENINGSFONDS.

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

„Raad” die Stadsraad van Elsburg;

„Beursfonds” die fonds gestig deur die Raad ingevolge die bepaling van subartikel (51) van artikel *nege-en-sewenty* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939;

„inrigting” een van die instellings genoem in subartikel (17) van artikel *nege-en-sewenty* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939;

„jaar” die tydperk van die 1ste Januarie tot en met die 31ste Desember van dieselfde jaar.

2. Die Raad kan elke jaar 'n bedrag op die Beursfonds stort.

3. Lenings uit die Beursfonds is beskikbaar aan goedgekeurde voltydse studente van beide geslagte wie se ouers, of wettige voog, vir 'n voorafgaande tydperk van minstens 2 jaar binne die munisipaliteit woonagtig is.

4. Lenings uit die Beursfonds word op die volgende voorwaardes verstrek:—

- (a) Die totale bedrag van die lening mag nie £750 oorskry nie.
- (b) Die lening kan aangevra word ten opsigte van 'n goedgekeurde kursus wat die student van voorneme is om te volg by 'n inrigting.
- (c) Bewys moet elke jaar gelewer word, alvorens enige bedrag uitbetaal word, dat die student ingeskreve is by die inrigting.
- (d) Die Raad bepaal vooraf die bedrag wat jaarliks nodig is.
- (e) Die lening, plus rente, moet na voltooiing van die kursus terugbetaal word in eweredige jaarlikse paaiememente, oor 'n tydperk wat gelykstaan met die normale duur van die kursus; die lener of voog kan egter die volle bedrag van die lening terugbetaal voordat die tydperk vir terugbetaling verstryk het; in geval sodanige lening vroeër terugbetaal word, word rente slegs tot datum van terugbetaling gevorder.

- (f) Enkelvoudige rente, bereken teen 5 persent per jaar, is betaalbaar op sodanige onbetaalde bedrag as wat ingevolge hierdie verordeninge uitbetaal is, of op die saldo daarvan, en is verskuldig van die datum af waarop die jaarlikse uitbetalings geskied.

- (g) 'n Goedgekeurde versekeringspolis vir die bedrag van die lening moet deur die lener aan die Raad gesedeer word, en, indien die Raad verlang, moet die lener ook een of meer deur die Raad goedgekeurde borge verskaf; die premies op sodanige polis moet deur die lener of voog betaal word en bewys van betaling van die premies moet gereeld aan die Raad voorgelê word; by versuim van betaling van premies kan die lening, met rente, opgeëis word.

5. 'n Skriftelike ooreenkoms, waarin die voorwaardes soos uiteengesit in artikel 4 vervat word, moet tussen die lener en die Raad aangegaan word.

6. Aansoeke om lenings moet skriftelik by die Raad ingedien word.

Administrator's Notice No. 685.] [14 September 1960.  
MUNICIPALITY OF ELSBURG.—BY-LAWS FOR THE REGULATION OF LOANS FROM THE BURSARY FUND.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/121/56.

### SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF ELSBURG.—BY-LAWS FOR THE REGULATION OF LOANS FROM THE BURSARY FUND.

1. In these by-laws, unless the context indicates otherwise—

“Council” means the Town Council of Elsburg;

“Bursary Fund” means the fund established by the Council under the provisions of sub-section (51) of section *seventy-nine* of the Local Government Ordinance, 1939;

“institution” means one of the institutions referred to in sub-section (17) of section *seventy-nine* of the Local Government Ordinance, 1939;

“year” means the period from the 1st January up to and including the 31st December of the same year:

2. The Council may deposit an amount in the Bursary Fund each year.

3. Loans from the Bursary Fund shall be available to approved full-time students of both sexes, whose parents, or lawful guardian, have/have been resident within the municipality for a previous period of not less than 2 years.

4. Loans from the Bursary Fund shall be made on the following conditions:—

(a) The total amount of the loan shall not exceed £750.

(b) The loan may be applied for in respect of an approved course which the student intends following at an institution.

(c) Proof shall be furnished each year, before any amount is paid out, that the student is enrolled at the institution.

(d) The Council shall previously determine the amount required annually.

(e) The loan, plus interest, shall be refunded after completion of the course, in proportionate annual instalments, over a period equal to the normal duration of the course; the borrower or guardian may, however, repay the full amount of the loan before the period for repayment has expired; should such loan be repaid earlier, interest shall be charged to the date of repayment only.

(f) Simple interest, calculated at the rate of 5 per cent per annum, shall be payable on such unpaid amount as may have been disbursed under these by-laws, or on the balance thereof, and shall be due as from the dates of annual disbursements.

(g) An approved insurance policy for the amount of the loan shall be ceded to the Council by the borrower, and if required by the Council the borrower shall also provide one or more sureties approved by the Council; the premiums on such policy shall be paid by the borrower or guardian and proof of payment of the premiums shall be submitted to the Council regularly; in default of payment of premiums, the loan, with interest, may be claimed.

5. An agreement, in writing, embodying the conditions set out in section 4, shall be entered into between the borrower and the Council.

6. Applications for loans shall be submitted to the Council, in writing.

Administrateurskennisgwing No. 686.] [14 September 1960.  
MUNISIPALITEIT NELSPRUIT.—WYSIGING VAN EENVORMIGE WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/104/22.

#### BYLAE.

MUNISIPALITEIT NELSPRUIT.—WYSIGING VAN EENVORMIGE WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Eenvormige Watervoorsieningsverordeninge van toepassing op die Munisipaliteit Nelspruit, afgekondig by Administrateurskennisgwing No. 787 van 18 Oktober 1950, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:

1. Deur in item (a) van Aanhangsel VII, Bylae I die bedrag „4d.” waar dit ook al voorkom, te skrap en dit deur die bedrag „4·2d.” te vervang.

2. Deur in sub-item (iii) van item (a) van Aanhangsel VII, Bylae I—

- (a) die woorde „en skoolkoshuise” te skrap; en
- (b) die bedrag „2s. 6d.” te skrap en dit deur die bedrag „3s.” te vervang;

3. Deur in sub-item (iv) van item (a) van Aanhangsel VII, Bylae I, die bedrag „3s.” te skrap en dit deur die bedrag „3s. 6d.” te vervang;

4. Deur in sub-item (vi) van item (a) van Aanhangsel VII, Bylae I, die bedrag „10s.” te skrap en dit deur die bedrag „10s. 6d.” te vervang.

Administrateurskennisgwing No. 687.] [14 September 1960.  
MUNISIPALITEIT KLERKSDORP.—WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/19/17.

#### BYLAE.

MUNISIPALITEIT KLERKSDORP.—WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE.

Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Klerksdorp, afgekondig by Administrateurskennisgwing No. 455 van 29 September 1941, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:

1. Deur die woorde „of enige advertensie vir 'n vergadering, geleenthed of byeenkoms vir kerklike, amateursport-, opvoedkundige, politieke of liefdadigheidsdoleindes of die kandidaatkap van iemand wat benoem is vir verkiesing tot die Parlement, die Transvaalse Provinciale Raad of die Raad” na die woorde „aangebring is” in artikel 266 waar hulle in die woordomskrywing van „Teken” voorkom, in te voeg.

2. Deur die volgende na artikel 282 in te voeg:

„282 bis (1) Niemand mag op enige plek binne die gebied wat in die Aanhangsel by hierdie artikel omskryf word, 'n advertensie of advertensietoestel in 'n straat vertoon of laat vertoon om 'n vergadering, geleenthed of byeenkoms vir kerklike, amateursport-, opvoedkundige, politieke of liefdadigheidsdoleindes, of die kandidaatkap van iemand wat benoem is vir verkiesing tot die Parlement, die Transvaalse Provinciale Raad of die Raad, te adverteer nie.”

Administrator's Notice No. 686.] [14 September 1960.  
MUNICIPALITY OF NELSPRUIT.—AMENDMENT OF UNIFORM WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred-and-one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/104/22.

#### SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF NELSPRUIT.—AMENDMENT OF UNIFORM WATER SUPPLY BY-LAWS.

Amend the Uniform Water Supply By-laws applicable to the Municipality of Nelspruit, published under Administrator's Notice No. 787, dated the 18th October, 1950, as amended, as follows:

1. By the deletion of the amount “4d.” wherever it occurs in item (a) of Annexure VII, Schedule I, and the substitution therefor of the amount “4·2d.”.

2. By the deletion in sub-item (iii) of item (a) of Annexure VII, Schedule I—

- (a) of the words “and School Hostels”; and
- (b) of the amount “2s. 6d.” and the substitution therefor of the amount “3s.”.

3. By the deletion in sub-item (iv) of item (a) of Annexure VII, Schedule I of the amount “3s.” and the substitution therefor of the amount “3s. 6d.”.

4. By the deletion in sub-item (vi) of item (a) of Annexure VII, Schedule I of the amount “10s.” and the substitution therefor of the amount “10s. 6d.”.

Administrator's Notice No. 687.] [14 September 1960.  
MUNICIPALITY OF KLERKSDORP.—AMENDMENT OF BUILDING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/19/17.

#### SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF KLERKSDORP.—AMENDMENT OF BUILDING BY-LAWS.

Amend the Building By-laws of the Municipality of Klerksdorp published under Administrator's Notice No. 455, dated the 29th September, 1941, as amended, as follows:

1. By the insertion after the word “building” where it appears in the definition of “Sign” in section 266 of the words “or any advertisement of an ecclesiastical, amateur sporting, educational, political or charitable meeting, event or function or of the candidature of any person nominated for election to Parliament, the Transvaal Provincial Council or the Council”.

2. By the insertion after section 282 of the following:

“282 bis (1) No person shall at any place within the area defined in the Annexure to this section display or cause to be displayed any advertisement or advertising device in any street to advertise any ecclesiastical, amateur sporting, educational, political or charitable meeting, event or function or the candidature of any person nominated for election to Parliament, the Transvaal Provincial Council or the Council.”

(2) Iemand wat 'n advertensie of advertensietoestel van die onderhavige soort vertoon of laat vertoon op 'n plek buite die grense van die gebied waarin dit by subartikel (1) verbied word, moet sorg dat—

- (a) die advertensie of advertensietoestel op 'n netjiese bord wat van hout of sterk metaal gemaak is en wat nie groter as 36 duim by 24 duim is nie, aangebring word, en dit moet op so 'n wyse vasgeheg word dat dit nie vanwec wind of reën sal losraak nie;
- (b) die bord nie teen 'n transformatorhokkie, elektriese of telefoonpaal, telefoonhokkie, verkeersligpaal of 'n ander paal, teken of struktuur wat die Raad of die Regering opgerig het, geplaas word nie;
- (c) die bord deeglik aan 'n stut vasgeheg word deur middel van draad met 'n standaarddraadnommer van hoogstens 8 en minstens 12;
- (d) geen bord op 'n plek of op so 'n wyse geplaas word dat dit die voertuigverkeer of die voetgangers in 'n straat of deurgang in gevaar sal stel nie;
- (e) daar nie meer as veertig advertensies of advertensietoestelle op dié wyse vertoon word ten einde 'n enkele vergadering, geleenthed of byeenkoms of die kandidaatkap van 'n enkele kandidaat vir die verkiesing of tussenverkiezing te adverteer nie, en dat, voordat enige advertensie of advertensietoestel op dié wyse vertoon word, daar 'n lys van die plekke waar hulle vertoon gaan word, met vermelding van die naam van die straat waarin, of in sig waarvan 'n bord aangebring gaan word, asook van die naaste kruisings aan die Raad se ingenieur besorg word;
- (f) 'n advertensie of advertensietoestel om die kandidaatkap van iemand wat hom verkiesbaar stel, te adverteer, uitsers 35 dae voor en 3 dae na die betrokke stemdag vertoon word;
- (g) 'n advertensie of advertensietoestel om 'n vergadering, geleenthed of byeenkoms te adverteer, uitsers 14 dae voor die datum waarop die vergadering, geleenthed of byeenkoms 'n aanvang moet neem en 3 dae na afloop daarvan, vertoon word.

(3) Iemand wat 'n advertensie of advertensietoestelstrydig met die bepalings van subartikel (2) vertoon of laat vertoon, is skuldig aan 'n misdryf.

(4) (a) Voordat enige bord met 'n advertensie of advertensietoestel daarop ooreenkomsdig die bepalings van subartikel (2) in of in sig van 'n straat geplaas word, moet die persoon wat dit plaas, laat plaas of toelaat dat dit geplaas word, 'n deposito van 10s. by die Raad stort: Met dien verstande dat, as daar minder as tien borde geplaas word, daar nietemin 'n deposito van £5 gestort moet word. 'n Deposito wat ingevolge die bepalings van hierdie paragraaf gestort word, word aan die Raad verbeur indien die bord ten opsigte waarvan dit gestort is, nie binne die tydperk wat by paragrawe (f) en (g) van subartikel (2) voorgeskryf is, verwijder word nie: Met dien verstande dat, as daar nie meer as tien borde geplaas word nie, die Raad 10s. ten opsigte van iedere bord wat verwijder word, of die volle depositobedrag indien alle borde verwijder word, moet terugbetaal.

(b) Die Raad se ingenieur kan na goeddunke enige bord met 'n advertensie of advertensietoestel daarop, soos dit in subartikel (2) gemeld word, wat in of in sig van 'n straat geplaas of gelaat word sonder dat die vereiste depositobedrag betaal is, verwijder en vernietig of op 'n ander wyse daaroor beskik, en die Raad is nie aanspreeklik vir enige verlies wat iemand ly ten gevolge van die verwijdering en vernietiging van, of beskikkig oor, die bord en die advertensie of advertensietoestel daarop nie.

(2) Any person displaying or causing to be displayed such an advertisement or advertising device elsewhere than in an area in which it is prohibited by sub-section (1) shall ensure that—

